


SABBATSKOOL
BYBELSTUDIEGIDS
VIR VOLWASSENES

3 DIE BOEK HANDELINGE



Inhoudsopgawe

| | | |
|----|---|-----|
| 1 | Julle sal my getuies wees – (30 Junie-6 Julie) | 6 |
| 2 | Pinkster – (7-13 Julie) | 14 |
| 3 | Die vroeë kerk se daaglikse lewe – (14-20 Julie) | 22 |
| 4 | Die eerste kerkleiers – (21-27 Julie) | 30 |
| 5 | Paulus kom tot bekering – (28 Julie-3 Augustus) | 38 |
| 6 | Petrus se bediening – (4-10 Augustus) | 46 |
| 7 | Paulus se eerste sendingreis – (11-17 Augustus) | 56 |
| 8 | Die vergadering in Jerusalem – (18-24 Augustus) | 64 |
| 9 | Die tweede sendingreis – (25-31 Augustus) | 72 |
| 10 | Die derde sendingreis – (1-7 September) | 80 |
| 11 | Die Jerusalem arrestasie – (8-14 September) | 88 |
| 12 | Paulus in aanhouding in Cesaréa – (15-21 September) | 96 |
| 13 | Die reis na Rome – (22-28 September) | 104 |

Redakteurskantoor:

12501 Old Columbia Pike
Silver Spring, MD 20904

Besoek ons webblad:

<http://www.absg.adventist.org>

Hoofbydraer:

Wilson Paroschi

Redakteur:

Clifford R. Goldstein

Assistent-Redakteur:

Soraya Homayouni

Publikasiebestuurder:

Lea Alexander Greve

Publikasie-Assistent:

Sharon Thomas-Crews

Pacific Press® Koördineerder:

Wendy Marcum

Kuns en Ontwerp:

Lars Justinen

©Alle kopieregte 2018 Wêreldkonferensie van die Sewendedag-Adventiste Kerk® word voorbehou. Geen gedeelte van die *Sabbatskool Bybelstudiegids vir Volwassenes* (Derde Kwartaal), mag gereedigeer, verander, gewysig, aangepas, vertaal, gereproduseer of gepubliseer word deur enige persoon of entiteit, sonder die geskrewe magtiging van die Wêreldkonferensie van die Sewendedag-Adventiste® nie. Die Sabbatskool Departement van die Wêreldkonferensie van die Sewendedag-Adventiste Kerk® het toestemming om te reël vir die vertaling van die *Sabbatskool-Bybelstudiegids vir Volwassenes*; dit is onderhewig aan sekere riglyne. Die kopiereg van sulke vertalings en die publisering daarvan word voorbehou deur die Wêreldkonferensie. "Sewendedag-Adventiste", "Adventiste" en die vlam-logo is geregistreerde handelsmerke van die Wêreldkonferensie van die Sewendedag-Adventiste®, en mag nie sonder amptelike toestemming gebruik word nie. Die Sabbatskool Bybelstudiegids vir Volwassenes

(standaarduitgawe) word voorberei deur die Sabbatskooldepartement van die Wêreldkonferensie van die Sewendedag-Adventiste®. Hierdie studiegids staan onder die algemene leiding van die Sabbatskool Uitgewersraad, 'n subkomitee van die Wêreldkonferensie se Administratiewe Komitee (ADCOM), en die uitgewer van die bybelstudiegids. Die bybelstudiegids weerspieël dus die algemene bydraes van 'n wêreldwye ewalueringkomitee en die goedkeuring van die Sabbatskool Uitgewersraad; en verteenwoordig dus nie uitsluitlik of noodwendig die sienings en standpunte van die hoofbydraer en/of outeur(s) nie. Hierdie uitgawe word gedruk en versprei in Kaapstad, Suid-Afrika.

Bybelaanhalinge

Tensy anders vermeld, word alle skriftuurlike verwysings in die bybelstudiegids vir die derde kwartaal 2018 uit die volgende Bybelvertaling aangehaal: Die Bybel© 1933, 1953, Bybelgenootskap van Suid-Afrika, en word gebruik met toestemming en voorbehoud van alle regte.



Die Triomferende Evangelieboodskap

Baie geskiedkundiges glo dat die drie belangrikste dekades in die wêreld se geskiedenis die tydvak was toe 'n klein groepie mans, hoofsaaklik Jode wat met die Heilige Gees gevul was, die evangelie aan die wêreld verkondig het. Die Boek Handeling is 'n verslag van daardie drie belangrike dekades wat vanaf die opstanding van Jesus in 31 n.C., tot aan die einde van Paulus se eerste Romeinse gevangenskap in 62 n.C. gestrek het (Handeling 28:30). Die boek moes kort hierna geskryf gewees het, want die verhaal eindig hier; daar is eger al bewys dat Paulus vrygelaat was uit hierdie gevangenskap en dat hy sy sendinguitreik hervat het, gepreek en gereis het totdat hy 'n paar jaar later gearrester was en toe in 67 n.C. in Rome tereggestel was.

Die boek sê niks oor die outeur nie, maar kerktradisie het nog altyd hom as Lukas geïdentifiseer, “die geneesheer Lukas, die geliefde ...” van Kolossense 4:14, en reisgenoot van Paulus (II Timóteüs 4:11, Filémon 24). Volgens tradisie is Lukas ook die outeur van die derde Evangelie, en sonder twyfel word daar in Handeling 1:1 daarna verwys, “die eerste boek ... het ek opgestel ...”, (vergelyk met Lukas 1:3). Beide die boeke van Lukas en Handeling skryf oor die ontstaan van die Christendom, onderskeidelik eers van die oorsprong (Jesus se lewe en bediening), en daarna oor die uitbreiding daarvan (die apostels se sendingaktiwiteit).

Saam beslaan die twee boeke ongeveer 27 persent van die Nuwe Testament, die grootste bydrae deur een outeur. Toe Paulus aan die Kolossense oor sy bediening aan die heidene

geskryf het, het hy na Lukas as 'n medewerker verwys, en nadat hy vier name genoem het wat "uit die besnydenis" was, het hy Lukas saam met 'n paar ander wat blykbaar nie besny was nie (Kolossense 4:7–14), gegroep. Lukas is dus die enigste nie-Joodse outeur van 'n boek in die Nuwe Testament.

Met dit in gedagte lyk dit asof een van sy hoofemas daardeur verduidelik word: die alomvattendheid van verlossing. God het geen witbroodjies nie. Die kerk word geroep om aan almal die boodskap ongeag hulle ras, sosiale stand of geslag (Handelinge 1:8; 2:21, 39, 40; 3:25; 10:28, 34, 35), te bring. Om dit nie te doen nie, òf weens vooroordeel òf omdat dit nie gerieflik is nie, is 'n verdraaiing van die evangeliebodskap, en in teenstelling met die mees fundamentele waarhede van God se Woord. Ons is almal dieselfde voor God: sondaars wat verlossing in Christus nodig het. Dit is dus nie toevallig dat Paulus Lukas se hoofheld is nie, "‘n apostel van die heidene" (Romeine 11:13) aan wie amper twee-derdes van die Boek Handelinge toegewy is.

Ander belangrike temas wat in Handelinge gevind word, sluit in: die oppermag van God en Sy Goddelike plan (Handelinge 17:24, 25; 20:27; 23:11); die verheffing van Jesus as Heer en Verlosser (Handelinge 2:32, 36; 3:13, 15; 4:10–12; 5:30, 31); en veral die rol van die Gees in die bemagtiging en leiding van die kerk in sy sendingopdrag (Handelinge 2:1–4; 4:24–31; 8:14–17, 29, 39; 10:19, 20). Feit is, die sukses van die vroeë kerk was nie die resultaat van menslike wysheid of bekwaamheid nie, alhoewel dit God behaag het om iemand soos Paulus te kon gebruik om 'n indruk op die wêreld te maak soos geen ander apostel dit kon, of in staat was om te doen nie (I Korinthiërs 15:10).

Handelinge beskryf die ontwikkelingsperiode van die vroeë kerk toe daar aansienlike administratiewe en selfs teologiese groei plaasgevind het. Ons kan dit byvoorbeeld sien in hoe die kerk die vroeë oer wanneer Jesus die tweede keer sou kom, hanteer het, die stand van die heidense bekeerlinge, en die rol van geloof in die verlossingsplan. Hoe dit sy, wat die vroeë kerk in so 'n kort tydperk bereik het, is 'n ewigdurende getuienis van wat God deur nederige biddende harte, ten spyte van individuele verskille, kon doen, wat toegelaat het dat die Gees hulle tot eer van God en Sy heerlikheid kon gebruik het. Handelinge is die verhaal van hulle wat deur God geroep was om Sy werk te begin; wat kan ons wat deur God geroep is om die werk klaar te maak, daaruit leer?

Wilson Paroschi is professor van Nuwe Testamentiese Uitleg by die Brasiliaanse Adventiste Universiteit (UNASP), in Engenheiro Coelho, São Paulo. Hy het 'n Ph.D.-graad in Nuwe Testamentiese Studies by Andrews Universiteit (2004) en het ook doktorsale studies by die Universiteit van Heidelberg in Duitsland (2011), voltooi.